

13. Diakonale Sake

13.1 RAPPORT DIAKONALE SAKE (Artt 18, 19, 20, 21, 186, 197, 233, 236)

- A. Br HSJ Vorster lewer die Rapport.
- B. 'n DVD van die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake word vertoon.
- C. 'n Kort voorlegging van Glenzicht word aan die Sinode voorgehou.
- D. Ds DJ Bakker word bedank vir sy besondere werk aan die projek Glenzicht.
- E. **Besluit:** Die voorgestelde Konstitusie word verwys na die Kommissie Diakonale Sake. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- F. Ds HL Stavast rapporteer namens die Kommissie Diakonale Sake.
- G. Ds WJ Botha rapporteer namens die Kommissie Diakonale Sake oor Glenzicht.
- H. Ds W Vogel rapporteer namens die Kommissie Finansies.

I. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2003:146, 2.2)

- 1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.
- 1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur 'n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.
- 1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.
- 1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.
- 1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art 26).
- 1.6 Om hulp op die volgende wyse te verleen aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge Kerkorde, artikels 12, 79 of 80 die bediening voor 1994 verlaat het: Behartig ten opsigte van die Ondersteuningsfonds (Bystandsfonds vir diakonieë KO, art 25 (Acta 2003:45, 2.1.8.1)) die bestuur, beheer en belegging van beskikbare fondse, vra addisionele vrywillige hulpverlening indien omstandighede dit vereis, stel die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend, skep 'n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en diakonieë en gee aan die Sinode riglyne vir bydraes tot die fonds vir die volgende drie jaar (huidig R7.00 per belydende lidmaat per jaar)

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering

2.1 *Sake waarvan kennis geneem kan word*

2.1.1 Vergaderings

Daar is gereeld elke maand volgens vasgestelde datums deur die Dagbestuur vergader. Die Dagbestuur is: Ds DJ Bakker (voorsitter), br HSJ Vorster (Direkteur van die Administratiewe Buro en Skakeldeputaat van SDDS), ds P Fanoy; Brr CJH Kruger; WJ Cilliers (in die plek van ds SJMS Smit van die Gereformeerde Kerk

Oos-Moot), J Vorster, JL Duvenhage in die plek van sr Santie Coetzee. Die volle direksie het minstens een maal per jaar vergader om sake van belang ter tafel te neem. Die ander lede van die direksie is: ds SA Cilliers en br E van Jaarsveld (Waterberg); ds JL van der Schyff en br W Henning (Burgersdorp); brr lvH Fourie, F Venter (PKK Reddersburg); br WJ Kruger (PKK Pretoria). Met die Junie 2005 Algemene Vergadering het br JL Duvenage aangedui dat hy nie meer verpligtinge as gevolg van werksomstandighede kan nakom nie. In die plek van br Duvenage is sr M Ferreira, Inrigtingshoof van Ons Huis Tehuis, Florida, aangewys.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Skakeling

- 2.2.1 Omdat skakeling na binne en buite gerig is, is op die volgende aspekte ten opsigte van skakeling na binne (kerkverband) sedert Sinode 2003 gefokus:
- 2.2.2 Die tydige beskikbaarstelling van finansiële inligting. Die Administratiewe Buro het die finansiële administrasie van SDDS oorgeneem (Acta 2003:149, 3.1) en bystand aan die tehuse op dié terrein verleen. Vir die finansiële boekjaar geëindig 31 Maart 2005 is die geouditeerde state vroeg in Junie 2005 beskikbaar gestel. Dit is bereik deurdat die nodige infrastruktuur by tehuse daargestel en opleiding aan personeel verleen is.
- 2.2.3 Die opstel van die nodige begrotings.
- 2.2.4 Telefoniese skakeling met die tehuse asook besoeke een tot twee keer per jaar.
- 2.2.5 Sommige Sustersaamtrefke is bygewoon. In die toekoms sal skakeling ook hier uitgebrei moet word.
- 2.2.6 Voordragte is by die Diakonale Kongresse gelewer. Hierdie skakeling moet uitgebrei word en Diakonale Kongresse in ander dele van die land word in die vooruitsig gestel.
- 2.2.7 Voordragte is by enkele kerke na 'n erediens gelewer. Die geleentheid vir hierdie skakeling behoort deur Kerkrade daargestel te word.
- 2.2.8 Voordragte is by enkele diakonieë gelewer. Die geleentheid vir hierdie skakeling behoort deur diakonieë daargestel te word.
- 2.2.9 Briewe is gereeld aan diakonieë en Kerkrade oor verskeie sake gerig. Twyfel bestaan egter of hierdie briewe die nodige aandag van die betrokke vergaderings geniet het en die kerkverband behoort daarvan kennis te neem.
- 2.2.10 Kerkverband
Tot 'n groot mate is gedurende die afgelope drie jaar bevind dat die bestaan van SDDS en daarmee saam die bestaan van ons tehuse onder die lidmate van die Gereformeerde Kerke glad nie welbekend is nie. Die doelstellings van SDDS is ook nie bekend nie. Waar lidmate welbekend was met die bestaan van SDDS, het by sommige wantroue bestaan. Oor die afgelope drie jaar het die Deputate op verskeie wyses begin om vertroue te bou. Gemeentes, sustersaamtrefke en diakonale kongresse is toegesprek. Daar is ook begin om diakonieë bymekaar te bring en so onderlinge samewerking te bewerkstellig. Dit word aan die Sinode voorgestel dat hierdie werkswyse op 'n groter skaal in die toekoms deur die Deputate en veral die Skakeldeputaat aangepak word (Verwys na artt 2.2.1.5 tot 2.2.1.9).

Besluit: Kennis geneem.

2.2.3 Personeel

2.2.3.1 *Voormalige SDDS kantoor Linmeyer*

Die Sinode opdrag dat die finansiële beheer van alle skemas onder beheer van die SDDS sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro (Acta 2003:149, 3.1) het getoon dat 'n logiese uitvloeisel sal wees om die werksaamhede by die kantoor in Linmeyer na die Administratiewe Buro te verskuif. Drie van die personeellede by die kantoor in Linmeyer het nie belanggestel om na Potchefstroom te verskuif nie en het na 'n onderhandelingsprosedure vrywillige uitdienstredingspakkette aanvaar terwyl 'n vierde deur die Bestuurskomitee van Glensicht Aftreeoord in diens geneem is. Om die addisionele werkklas by die Administratiewe Buro te verlig is 'n kontrak-aanstelling tot Junie 2006 gemaak.

2.2.3.2 *President Kruger Pretoria*

Die huidige huisouers, br en sr Kobus Vorster word bygestaan deur 'n maatskaplike werker en 10 assistente. Skoonmaakdienste word deur 'n buite-instansie gedoen. Instandhouding word grootliks deur 'n faktotum gedoen.

2.2.3.3 *President Kruger Reddersburg*

Die huisouers, br en sr Izak Fourie word bygestaan deur 'n maatskaplike werker, 12 assistente en 15 algemene assistente.

2.2.3.4 *Ons Huis Ouetehuis Florida*

Sr M Ferreira is die maatskaplike werker en ook die inrigtingshoof. Gedurende 2004 is die skoonmaakdienste by die tehuis uitgekonnekteer nadat die grootste deel skoonmaakpersoneel deur die kontrakteur in diens geneem is. Die personeel bestaan verder uit 1 Administratiewe Beampte, 1 huishoudster, 2 kokke, 4 susters, 2 stafsusters, 6 assistentsusters, 7 verpleeghulpe, 'n faktotum en 'n tuinwerker.

2.2.3.5 *Dirk Postma Ouetehuis Burgersdorp*

Meneer J Pelser is die tehuishoof. Die personeel bestaan verder uit 2 verpleegkundiges, 2 verpleegassistente, 10 versorgers, 'n sekretaresse, 'n huishoudelike opsigter, 'n washuisopsigter, 2 kombuisopsigters, 'n tuinier en 14 algemene assistente.

2.2.3.6 *Waterberg Ouetehuis Nylstroom*

Sr A Wolhuter is personeelhoof en ook verpleegkundige in beheer. Verder bestaan die personeel uit 4 verpleegkundiges, 8 verpleegassistente, 4 assistente en 21 algemene assistente.

2.2.3.7 *Administrasie*

Br HSJ Vorster tree as Skakeldeputaat op. Hy word bygestaan deur die personeel van die Administratiewe Buro. Die administrasie is teen vergoeding namens SDDS gedoen.

2.2.3.8 *Algemeen*

By beide die ouetehuse en kinderhuse is in samewerking met die personeel en Besture evaluering ten opsigte van poste en salarisstrukture gedoen en in plek gestel.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.4 Skakeling na buite

2.2.4.1 *Skakeling met die Owerheid*

Gedurende 2004 het SDDS en die tehuise vrystelling van belasting ontvang. Een van die voorwaardes is dat SDDS en die tehuise as Nie-Winsgewende

Organisasies (NWO's) by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling moet herregistreer. Die Konstitusie van SDDS en die tehuis is nie opgestel volgens die vereistes wat deur die owerheid daargestel word nie. Daarom was dit nodig om die Konstitusie aan te pas. Veranderings word deur vetdruk aangetoon:

Besluit: Kennis geneem.

KONSTITUSIE VIR KINDERHUISE EN OUETEHUISE VAN DIE SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (SDDS)

(Die Konstitusie volg sy eie nommering)

Inleiding

Elke inrigting (Tehuis) reik in sy eie gemeenskap uit na hulpbehoewende kinders/bejaardes se behoeftes oor die hele Suid-Afrika. Die Tehuis kan fondse insamel binne of buite die geografiese grense van sy gebied. Landsweye fondsinsamelingprojekte vir die inrigtings onder sy beheer moet onder toesig en die goedkeuring van die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (SDDS) geskied. Die boekhouding van dié landsweye fondsinsamelings vir die inrigtings sal direk deur die SDDS gekontroleer word.

Lidmaatskap van die SDDS is beperk tot

- a) Deputate vir Diakonale Sake daartoe benoem deur die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (Hierna genoem die Sinodale Deputate.)
- b) Die kerkraad en die diakens van die Gereformeerde Kerk in wie se ressort die Tehuis geleë is.
- c) Kundiges/belanghebbendes daartoe verkies, soos goedgekeur deur die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake.

1. Naam

- 1.1 Die naam van die organisasie is
- 1.2 Afkorting: Hierna word die verkorte benaming van **Tehuis** gebruik.
- 1.3 Regspersoon: Die Tehuis sal:
 - a) Bestaan in eie reg afsonderlik van sy lede.
 - b) Voortgaan om te bestaan selfs al sou die lede van die Tehuis verander of vervang word.
 - c) In staat wees om in besit te wees van eiendom en ander besittings.
 - d) In staat wees om te dagvaar en gedagvaar te word in eie naam.

2. Doelwit

- 2.1 Die hoofdoelwit van die Tehuis is die versorging en behandeling van sorgbehoewende kinders/bejaardes ten einde hulle lewenskwaliteit te verbeter.
- 2.2 Die sekondêre doelwitte van die Tehuis is:
 - a) Om met Die Woord van God as grondslag uit te reik na die fisiese, psigiese, sosiale en religieuse behoeftes van sorgbehoewende kinders/bejaardes in die algemeen asook om inrigtingversorging binne die gemeenskap rondom die Tehuis te lewer.
 - b) Om deur middel van geïnstusionaliseerde sorg kwaliteitdiens aan bejaardes en kinders in hulle gemeenskappe met 'n vervulde werkerskorps te lewer.

- c) Om ondersteuning te bied aan voorkomingsdienste in aanliggende gemeenskappe.
- 2.3 Die **Missie** is om die Tehuis binne 'n Christelike grondslag op 'n finansiële gesonde wyse te bestuur om sodoende die inwoners, die gemeenskap en naasliggende gemeentes op 'n blymoedige, gebruikersvriendelike en interafhanklike wyse te dien deur:
- a) 'n Versorgingskultuur te skep by inwoners van die Tehuis, asook lidmate van die verskillende gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
 - b) Om gesonde kontrole te handhaaf oor alle finansiële bronne en finansiële bestuur van die Tehuis.
 - c) Om 'n verkose werkgewer te wees en toe te sien dat die personeel in die inrigting goed opgelei en mede-eienaarskap aanvaar om die doelstellings van die Tehuis te bereik.

3. Inkomste en eiendom

- 3.1 'n Inventaris sal opgestel en bygehou word van die besittings van die Tehuis.
- 3.2 Die inkomste van die Tehuis moet uitsluitlik aangewend word vir die bevordering van sy doelwitte en geen gedeelte van sy inkomste of bates mag aan 'n lid of amptenaar betaal word nie, of direk of indirek oorgedra word nie. Die Bestuur mag slegs billike vergoeding aan 'n lid of amptenaar van die Tehuis betaal met die oog op diens wat gelewer is.
- 3.3 'n Lid van die Tehuis kan slegs geld terugkry vir uitgawes wat in belang van die Tehuis aangegaan is.
- 3.4 Lede of amptenare van die Tehuis beskik oor geen regte ten opsigte van goedere wat aan die Tehuis behoort nie.

4. Lidmaatskap en algemene ledevergadering

- 4.1 **Inwoning in die Tehuis word verkry deur aan die kriteria vir hulpbehoewendes te voldoen soos bepaal deur plaaslike gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, asook deur verwys te word deur gemeentes of ander goedgekeurde instellings. Die Bestuur het die reg om toegang tot die Tehuis te weier.**
- 4.2 **Inwoners kan die algemene jaarvergadering op uitnodiging van die Bestuur bywoon, volgens hulle diskresie. Inwoners van die Tehuise het egter nie die reg om beleid van die Tehuis neer te lê nie, maar kan aanbevelings aan die Bestuur maak wat tydens hulle vergaderings hanteer moet word.**

5. Bestuur

- 5.1 Die Bestuurskomitee van die Tehuis bestaan uit ten minste sewe persone. Hulle is die ampsdraers van die Tehuis. Die plaaslike kerkraad of SDDS se dagbestuur keur die benoeming van die plaaslike bestuur goed ooreenkomstig die aanbeveling van die plaaslike bestuur. Die Dagbestuur bestaan uit: 'n voorsitter, ondervoorsitter, 'n sekretaris en die inrigtingshoof.
- 5.2 Die termyn van bestuurslede is minstens drie jaar, maar ter wille van kontinuïteit kan dit meer as een opvolgende termyn wees.
- 5.3 Vakatures word aangevul by wyse van koöptering deur die Bestuur.

- 5.4 Die Bestuur van die Tehuis moet verkieslik een keer maandeliks, of minstens een keer elke twee maande, vergader. Die helfte plus een van die Bestuur vorm 'n kworum.
- 5.5 Tydens die vergadering moet die sekretaris van die vergadering volledig notule neem en binne sewe dae na die vergadering versprei na die verskillende Bestuurslede. 'n Agenda moet sewe dae voor die volgende vergadering aan Bestuurslede verskaf word.
- 5.6 Die Bestuur kan subkomitees benoem vir spesifieke take. Vir hierdie doel kan lede gekoöpteer word uit die breë kerkverband of ander belangstellendes. Verteenwoordigers van staatsdepartemente, streek- of plaaslike owerhede kan in *ex-officio* hoedanigheid sonder stemreg op die Bestuur dien.
- 5.7 Lede van die Tehuis moet hulle neerlê by die besluite wat deur die Bestuurskomitee geneem is.

6. Magte

Die Bestuurskomitee beskik oor die mag en outoriteit wat dit benodig om die doelwitte van die organisasie te vervul soos uiteengesit in paragraaf 2. Die aktiwiteite van die Bestuurskomitee en sy lede moet aan alle wetsvereistes voldoen. Dit behels die volgende:

- 6.1 **Om fondse in te samel, te beheer, en aan te wend om sy doelstellings te bereik; om die Tehuis in stand te hou, te beman en te bestuur; om kollekte te hou, openbare oproepe te doen; verkopings te hou; donasies in te samel of om op enige ander wyse fondse te bekom en te ontvang om die aktiwiteite van die Tehuis te finansier.**
- 6.2 Die Bestuurskomitee het die gesag om te koop, te verhuur of eiendom te verruil om aan die doelwitte van die Tehuis te voldoen met die goedkeuring van die SDDS.
- 6.3 Om, indien nodig uit te brei; om enige kommissie of komitee aan te stel en om daaraan opdragte en uitvoerende magte te gee; om persone van binne of buite daarin te benoem en sodanige komitee of kommissie af te skaf, te ontbind en/of te verander.
- 6.4 Die Tehuis sal die gesag en funksies van sy ampsdraers bepaal.
- 6.5 Om met enige vereniging, inrigting, instelling of liggaam, hetsy ingelyf of oningelyf saam te werk in die nastrewing van die doelstelling van die Tehuis.
- 6.6 Om met enige owerheid enige reëlings te tref wat bevorderlik is vir die Tehuis se doelstelling; om van sodanige owerheid sodanige regte of konsensies te verkry en om sodanige voorreg of konsensies uit te oefen, uit te voer of na te kom.
- 6.7 Geen fondse sal deur die Tehuis ingesamel word vir 'n doel wat nie in die konstitusie gemeld is nie.

7. Vergaderings en prosedures van die Bestuurskomitee

- 7.1 Die Bestuurskomitee moet minstens twee algemene vergaderings per jaar hou.
- 7.2 Die voorsitter of twee lede van die Bestuurskomitee kan 'n spesiale vergadering byeenroep as hulle dit nodig vind. Hulle moet ook die ander lede van die vergadering inlig oor watter sake op die spesiale vergadering bespreek gaan word. Indien een van die sake is om 'n nuwe lid aan te wys, moet die oproep vir die vergadering minstens 30 dae voor die vergadering plaasvind.
- 7.3 Die voorsitter sal as die voorsitter van die Bestuurskomitee optree. Indien die voorsitter nie 'n vergadering bywoon nie, moet die lede van die Bestuurskomitee wat teenwoordig is 'n voorsitter uit die teenwoordige lede aanwys voordat die vergadering kan begin.

- 7.4 Daar moet 'n kworum by elke vergadering teenwoordig wees.
- 7.5 Indien nodig, sal die Bestuurskomitee oor sake stem. Indien daar gelykop gestem word oor 'n saak, dan het die voorsitter 'n beslissende stem. Daar sal egter deurgaans gepoog word om konsensus oor sensitiewe besluite te kry.
- 7.6 Die notules van alle vergaderings moet veilig bewaar word en beskikbaar wees indien Bestuurskomitee lede dit wil raadpleeg.
- 7.7 Indien die Bestuurskomitee dit nodig ag, kan hy kommissies aanwys om take vinniger en doeltreffer af te handel, of te ondersoek. Kommissies moet uit minstens drie persone bestaan en gereeld terugrapporteer.
- 7.8 Die Bestuur van die Tehuis keur alle huishoudelike reëls, regulasies en prosedures asook wysigings daaraan, wat op die inwoners en die personeel van toepassing is, goed.
- 7.9 Die Bestuur is verantwoordelik vir die hantering van alle aansoeke en toelating tot die Tehuis.
- 7.10 Die Bestuur is verantwoordelik vir die bepaling van personeelstrukture van die Tehuis en die vasstelling van salarisskale en besoldiging.
- 7.11 Die Tehuis is onderhewig aan inspeksies en aanbevelings van die Departement van Maatskaplike Dienste en die Departement van Gesondheid.
- 7.12 Die Bestuurskomitee of 'n kommissie van die Bestuurskomitee moet ten minste twee keer per jaar met die volle personeel vergader.

8. Algemene ledevergadering

- 8.1 'n Algemene ledevergadering moet jaarliks, na die einde van die Tehuis se finansiële jaar, gehou word. Deputate van plaaslike gemeentes, asook van die Bestuur van die SDDS verteenwoordig die lede van hierdie vergadering.
- 8.2 die Tehuis moet die volgende sake op die algemene ledevergadering hanteer:
 - a) Goedkeuring van die sake op die agenda wat bespreek moet word.
 - b) Aantekens wat teenwoordig is en wie verskonings aangebied het omdat hulle nie teenwoordig kan wees nie.
 - c) Die vorige notules goedkeur en sake wat daaruit voortspruit hanteer.
 - d) Verslag van die voorsitter.
 - e) Verslag van die kassier.
 - f) Veranderinge voorstel aan die Konstitusie.
 - g) Verkiesing van nuwe ampsdraers.
 - h) Algemeen.
 - i) Afsluiting.

9. Finansies

- 9.1 'n Rekenpligtige amptenaar moet tydens die algemene ledevergadering aangewys word.
- 9.2 Die kassier (of tesourier) van die Tehuis sal die dag tot dag finansies van die organisasie hanteer. Hierdie persoon sal verplig wees om verslag tydens die vergaderings van die Bestuur te doen. Die kassier sal toesien dat alle fondse wat die Tehuis ontvang in 'n bankrekening van die Tehuis gedeponeer word.
- 9.3 Tjeks van die Tehuis sal deur ten minste twee persone, wat deur die Bestuur goedgekeur is, onderteken word. Fondse sal slegs bestee word vir doeleindes wat deur die Konstitusie veroorloof word.
- 9.4 Die finansiële jaar van die Tehuis eindig 31 Maart van elke jaar.
- 9.5 Die Tehuis se ouditeursverslae en rekords sal binne 6 maande na die einde van die

finansiële jaar aan die Direkteur vir Nie Winsgewende Organisasies gestuur word. 'n Ouditeur word jaarliks deur die SDDS aangestel.

- 9.6 Indien die Tehuis fondse het wat belê kan word, mag dit slegs by geregistreerde finansiële instansies gedoen word, soos gelys in Seksie 1 van die Finansiële Instellings (Belegging van fondse-wet van 1985).
- 9.7 Fondse word deur die SDDS gekontroleer en beheer, terwyl die plaaslike Bestuurskomitee verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

10. Veranderinge van die Konstitusie

- 10.1 Die wysiging van hierdie Konstitusie kan alleen geskied op 'n algemene ledevergadering van die SDDS of 'n spesiale algemene ledevergadering van die SDDS wat vir daardie doel belê is.
- 10.2 'n Kworum van die Deputate van die SDDS moet teenwoordig wees voordat 'n verkiesing kan plaasvind oor die verandering wat in die konstitusie aangebring moet word.
- 10.3 Die mosie moet duidelik beskryf en gemotiveer word en nie minder as 14 dae voor die Algemene ledevergadering aan die lede uitgestuur word. Geleentheid moet op die vergadering gegee word vir bespreking. Behoorlike notule moet geneem word by die vergadering waar die verandering(e) goedgekeur of afgekeur word; en moet binne sewe dae na die vergadering versprei word aan die lede.
- 10.4 Geen wysigings (amendamente) mag gemaak word wat daarop neerkom dat die Tehuis sy aktiwiteite moet staak of ophou om te bestaan nie.

11. Ontbinding van enige van die Tehuise van die SDDS

- 11.1 Die Tehuis kan ontbind word indien minstens twee-derdes van die lede teenwoordig op 'n algemene vergadering van lede wat spesifiek vir daardie doel belê is, ten gunste van die ontbinding stem. Kennisgewing van sodanige vergadering moet minstens 21 dae voor die datum van die vergadering aan lede gestuur word met vermelding van die doel van die vergadering, naamlik die ontbinding van die Tehuis en die beskikking oor sy bates. Indien daar geen kworum by die ontbindingsvergadering teenwoordig is nie, word die vergadering vir minstens 14 dae verdaag en die lede wat dan die daaropvolgende vergadering bywoon, is 'n kworum.
- 11.2 Alle bates is en bly die eiendom van die Nasionale Sinode of sy trustees. By ontbinding van die inrigting moet enige bates wat tot stand gekom het by wyse van subsidies of toelaes van die Staat, oorgedra word aan 'n ander geregistreerde welsynsorganisasie(s), by voorkeur 'n welsynsorganisasie met soortgelyke doelstellings, wat die algemene ledevergadering by ontbinding aanwys.

Handtekening van Voorsitter

Handtekening: Hoedanigheid

Handtekening: Hoedanigheid

Datum
(Hier eindig die Konstitusie)

Handtekening: Hoedanigheid

Besluit: Die Konstitusie word goedgekeur.

2.2.4.1.1 Subsidies

Met die opstel van hierdie Rapport was die Deputate reeds daarvan bewus dat die subsidies van welsynsorganisasies in Gauteng moontlik met 25% verminder is. Geen verdere inligting is egter beskikbaar nie en sal oor hierdie saak in die Aanvullende Rapport aan die Sinode gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.4.2 Skakeling met ander instansies

Daar is verskillende vergaderings gehou met die verteenwoordigers van die AKDB (Diens van Barmhartigheid van die NG kerk [dr DF Theron]) en die Ondersteuningsraad (Diens van Barmhartigheid van die NH Kerk [dr JFP Engelbrecht]) en daar is aan sake van gemeenskaplike belang aandag gegee.

2.2.4.2.1 KMDR (Kerklike Maatskaplike Dienste Raad)

Op uitnodiging van die KMDR (Kerklike Maatskaplike Dienste Raad) is twee van hulle konferensies bygewoon op 24 – 25 Februarie 2004 en op 31 Augustus – 2 September 2004. Die KMDR as oorkoepelende organisasie van kerkmaatskaplike diensorganisasies lewer 'n noodsaaklike diens van koördinerende, oorlegpleging, kommunikasie, verteenwoordiging en skakeling terwyl die lidorganisasies se eie verantwoordelikheid nie opgehef word nie. Die KMDR ondersoek weë hoe hy betrokke kan wees by wetgewende prosesse (bv kinderwet, bejaardewet ens) byvoorbeeld skakeling met parlementêre verteenwoordigers, NAWONGO, WWV, NACOSS ens en om kommentaar en insette namens sy lede te gee. Die KMDR stel opleidingsmateriaal beskikbaar wat lede bemaatig om die instrumente wat in die Grondwet en ondersteunende wette beskikbaar is te kan benut in die dag tot dag situasie wat mag ontstaan. Die KMDR reël daarom konferensies om inligting deur te gee en opleiding te bewerkstellig. Die SDDS besluit om lidmaatskap by die KMDR op te neem en sy ledegeld te betaal en is nou volle lid van die ledevergaderings. SDDS en die tehuis is nou ook by NAWONGO en WWV geaffilieer.

2.2.4.2.2 Vanuit die Tussen Kerklike Samewerking het 'n uitnodiging van die NG Kerk gekom om saam na te dink oor “nuwe armoede” (armoede van ons eie lidmate, Afrikaners en blankes). 'n Aantal gesprekke het plaasgevind op hulle uitnodiging en in die gesprek is die Afrikaner Bond en Solidariteit ook betrek omdat hulle ten nouste betrokke is by armoede en in besonder Afrikaner-armoede. Die gedagte is nie om nie aandag te gee aan die “historiese armoede” nie. Daar word van oral oor deur ons diakonieë en baie maatskaplike dienste instellings aan “historiese armoede” aandag gegee. “Nuwe Armoede” is 'n saak wat kerke baie keer nie as plaaslike kerk alleen kan hanteer nie, omdat die probleem finansiële te groot geword het en wyer gaan as net een kerk. Daarom het ons mekaar se samewerking nodig. Uit die gesprekke is daar 'n gemeenskapsalliansie gevorm om die saak sy volle aandag te laat kry. Met behulp van 'n fasiliteerder (Hannes van der Walt) word 'n strategiedokument opgestel vir Afrikaner-armoede. Die uitloop van die dokument is dat daar 'n Gemeenskapsalliansie gestig is. Die Maatskappy vir Immigrasie (MVI) lig die Gemeenskapsalliansie in oor hulle moontlike ontbinding en versoek inskakeling by die Gemeenskapsalliansie. Die inskakeling word goedgekeur. Daar word besluit dat 'n regsgeleerde, mnr Schalk van der Merwe, genader moet word om aan die hand van die strategiedokument 'n akte van oprigting vir die te stigte maatskappy op te stel. Mnr S van der Merwe word ook versoek om die

ontbindingsproses van die MVI gelyklopend te hanteer, indien die MVI-direksie daartoe sou instem. Hierdie saak word op vergaderings van die Bestuur en Dagbestuur van SDDS hanteer en daar word besluit: Hoewel die SDDS die diakonale saak van die aanspreek van toenemende armoede onder sy lidmate, Afrikaner-armoede in die algemeen en armoede van alle mense goedgesind is, hy nie as 'n stigterslid direkteur vir 'n art 21 maatskappy kan aanwys namens die GKSA of Deputate van die GKSA nie". Motivering: KO, art 30 van die GKSA bepaal dat kerklike vergaderings alleen kerklike sake en dit op 'n kerklike wyse moet behandel. Die hantering en aanspreek van die Afrikaner-armoede in 'n Gemeenskapsalliansie en in besonder deur 'n art 21 maatskappy, is nie die kerklike weg van diakonale sorg wat KO, art 25 van die GKSA aandui nie. Die SDDS kan hom weens die gemeenakkoord wat onderling ooreengekom is as Gereformeerde Kerke in SA daarom nie verbind tot 'n art 21 maatskappy wat nie die kerklike weg van diakonale samewerking volg nie. Ons neem dus vir eers waarnemerstatus in.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.5 Korrelering en Koördinerings

2.2.5.1 Algemeen

2.2.5.1.1 Die Deputate tree korrelerend en koördinerend op ten opsigte van:

(a) Insameling en hantering van fondse

(b) Bepaling van beleid met betrekking tot personeel:

Eenvormige dienskontrakte, dissiplinêre kode en griewe-prosedure is by die tehuise ingestel.

Besluit: Goedgekeur as opdrag aan die Deputate.

2.2.5.2 Inrigtings

2.2.5.2.1 President Kruger Pretoria

Die kindershuis is in die gemeente van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot en huisves 63 kinders.

2.2.5.2.2 President Kruger Reddersburg

Die kindershuis is in die gemeente van Reddersburg en huisves 63 kinders.

2.2.5.2.3 Kinderhuise – Algemeen

Gedurende die afgelope drie jaar kon ons daarin slaag dat die Bestuur en personeel van ons kindershuise baie nouer op alle terreine saamwerk deur minstens twee maal per jaar te vergader om sake van gemeenskaplike belang te bespreek.

2.2.5.2.4 Ons Huis Ouetehuis Florida

Gedurende die ampstermyn het 'n gedeelte van die Bestuur by die tehuis bedank. Die sorg van die tehuis is opgedra aan die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Ontdekkers en daar is begin met 'n proses van herstrukturering. Oor die aangeleentheid is per brief aan die kerkverband gerapporteer. Die tehuis huisves ongeveer 50 bejaardes.

2.2.5.2.5 Dirk Postma Ouetehuis Burgersdorp

Die tehuis huisves ongeveer 49 bejaardes.

2.2.5.2.6 Waterberg Ouetehuis Nylstroom

Die tehuis huisves ongeveer 71 bejaardes.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Sake waaroor die Sinode moet besluit*

2.3.1 Die Sinode se goedkeuring word gevra vir die opneem van lidmaatskap by die KMDR (sien 2.2 as motivering) en NAWONGO en WWV.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.2 Die Sinode moet hom uitspreek oor die SDDS se deelname aan die “Gemeenskapsalliansie” en sy besluit om nie direkteure aan te wys in ‘n art 21 maatskappy nie (sien 2.3 as motivering), maar slegs waarnemerstatus in te neem.

Besluit: Goedgekeur. Die SDDS wys as benoemingsliggaam persone aan om in persoonlike hoedanigheid op die direksie van die Gemeenskaps-alliansie (art 21 maatskappy) te dien.

2.3.3 Die Sinode moet hom ook uitspreek of aan die Bestuur van SDDS die mandaat verleen kan word om onder vinnig veranderde omstandighede en met die nodige konsultasie nie net in gesprek te tree met ander kerke van Gereformeerde Belydenis nie, maar ook met ander instansies waar dit vereis word en besluite te neem ooreenkomstig die missie van die Konstitusie.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings is hierbo aangebring – Deputate Hangellinge.)

2.4 **Bystandsfonds vir diakonieë kragtens KO, art 25 (Acta 2003:145, 2.1.8)**

Sake om van kennis te neem.

2.4.1 Uitvoering van opdrag

2.4.1.1 Briewe is aan Kerkrade gestuur waarin die besluite van die Nasionale Sinode 1994 meegedeel is en die riglyn van ‘n vrywillige bydrae beklemtoon is. Intussen het die Deputate drie diakonieë bygestaan in die versorging van KO, artt 12, 79 of 80 predikante. Fondse wat by Januarie 2000 bestaan het, is uitgeput en het die Deputate fondse wat vir die tehuse bestem was, vir die nood aangewend. Die Sinode moet hom uitspreek of hierdie versorging ‘n diakonale saak is.

Besluit: Goedgekeur met die byvoeging dat plaaslike diakonieë ingelig moet word en kennis moet neem van Sinode 2003 oor die Bystandsfonds (Acta 2003:145, 2.1.8).

2.4.1.2 Na Sinode 2003 het ‘n saak van ‘n KO, artt 79, 80 predikant se versorging in ‘n kliniek, sonder die toesig van ‘n diakonie, onder die aandag van die Deputate gekom. Behalwe ‘n beduidende skenking deur ‘n enkele diakonie is daar geen fondse vir die versorging van betrokke broeder nie. Die diakonie in wie se ressort die inrigting val, het onderneem om die saak te ondersoek en op te volg. Intussen word SDDS gekonfronteer met die uitstaande rekening waarvoor die nodige finansiële middele nie bestaan nie. Die Sinode moet hom uitspreek of hierdie versorging ‘n diakonale saak is.

Besluit: Soos volg goedgekeur:

(a) Die SDDS verwys die saak in 2.4.1.2 na die plaaslike diakonie en hanteer dit in oorleg met die plaaslike diakonie in die lig van KO, artt 25 en 26.

(b) Die SDDS behou skakeling met diakonieë waar broeders, wat onder KO, artt 12, 79 en 80 uit die bediening is, hulle bevind.

(c) Diakonieë word daarop gewys dat hulle verantwoordelik is vir die versorging van lidmate in hulle gemeentegrense met inagneming van KO, artt 25 en 26.

2.4.1.3 Sake om oor te besluit

Die Sinode word versoek om oor hier twee sake ‘n weloorwoë besluit te neem.

2.5 Noodlydendes en noodtoestande (Acta 2003:147, 2.2.2.1)

2.5.1 Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

- 2.5.1.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.
- 2.5.1.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en –toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10)
- 2.5.1.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.
- 2.5.1.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening.
- 2.5.1.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.
- 2.5.1.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.
- 2.5.1.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.
- 2.5.1.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.
- 2.5.1.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.
- 2.5.1.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.

Besluit: Kennis geneem.

2.5.2 Uitvoering van opdrag

- 2.5.2.1 Sake om van kennis te neem
- 2.5.2.2 Fondse is verskuif van Administratiewe Buro na SDDS
Die Bestuur van die Administratiewe Buro was die mening toegedaan dat aangesien die Deputate van SDDS verantwoordings doen oor die insameling en aanwending van hierdie fondse, die fondse ook onder beheer van die Deputate behoort te val.
- 2.5.2.3 Insameling en aanwending
Briewe is aan kerkrade en diakonieë gerig om die Fonds te verstewig of om spesifieke nood onder die aandag van die Deputate te bring.
- 2.5.2.4 Sake wat aandag geniet het en waarvoor toekennings gemaak is:
 - 2.5.2.4.1 Nood van bejaardes in Zimbabwe
 - 2.5.2.4.2 Lidmate by 'n gemeente in die Vrystaat en Noord-Kaap
 - 2.5.2.4.3 Tsoenami Ramp in Suid-Oos Asië.
 - 2.5.2.4.4 Diakonie en gemeenskap in die Noordwes provinsie
 - 2.5.2.4.5 U word na die finansiële state van SDDS verwys om stand van Fonds te sien.

Besluit: Kennis geneem.

3. Verhouding Kerk en Staat (Acta 2003:148, 1.2)

- 3.1 Die SDDS kry opdrag om die leiding te neem met sodanige studie en van die bestaande studiewerk wat reeds hieroor gepubliseer is, gebruik te maak (bv die

doktorale proefskrif van Sr Janet Gildenhuis, asook die Rapport van die Regsdeputate).

3.2 Hierdie studie word gedoen in oorleg met die Deputate wat met die owerhede skakel.

3.3 Uitvoering van die opdrag

3.2.1 Sake waarvan kennis geneem kan word:

Hierdie opdrag is nog nie uitgevoer nie. Daar word op die oomblik aandag gegee aan die Konstitusie wat hierdie saak indringend bepaal. Daar sal aanvullend verslag oor hierdie opdrag gedoen word.

Besluit: Kennis geneem.

4. Glensicht Aftree-Oord

(Word ontwikkel op die terrein van die voormalige PKK Johannesburg (Acta 2003:149))

4.1 Die te benoeme Deputate kry opdrag om die administratiewe beheer en toesig van Glensicht, in die nouste samewerking met die Administratiewe Buro wat die finansiële sake hanteer, uit te oefen.

4.2 Dat die ontwikkeling onder streng finansiële beheer en toesig voortgesit word.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 Sake waarvan kennis geneem kan word

4.3.1 Vorderingsverslag sedert 2003

4.3.1.1 Met Sinode 2003 was die state van Glensicht nie beskikbaar nie. Koste van die projek is vir die eerste agt maande vermeng met SDDS. Dit het 'n groot rekeningkundige probleem veroorsaak. Die boeke is nie geaudit voor Sinode 2003 nie. Die aangeleentheid is deur die harde werk van die Administratiewe Buro personeel reggestel.

4.3.1.2 Die las wat die besluite van die Sinode 2003 op die Administratiewe Buro gelê het, was geweldig.

4.3.1.3 Die Administratiewe Buro vra dat 'n verteenwoordiger van SDDS as skakel tussen die twee besture op die Bestuur van die Administratiewe Buro sal dien en Ds P Fanoy is aangewys.

4.3.1.4 Daar is deur Sinode 2003 besluit dat daar besin moet word oor 'n aparte Art 21 maatskappy vir Glensicht. Na deeglike ondersoek het dit geblyk dat die saak nie haalbaar is nie.

4.3.1.5 Samesprekings het met Residentia Stigting begin met die oog op die inwerkingstelling van 'n versorgingseenheid in die hoofkompleks.

4.3.1.6 Die ontwikkeling behoort vroeg in 2006 voltooi te wees (105 eenhede van die beplande 160 eenhede is met die opstel van hierdie Rapport reeds voltooi)

Besluit: Kennis geneem.

4.3.2 Bevindings

4.3.2.1 Daar is volgens inligting aan die Kommissie voorgelê geen finansiële verlies deur die SDDS gely is nie.

4.3.2.2 Dit blyk dat daar moontlike gebreke/tekortkominge in die kontrak met die ontwikkelaar kan wees maar dat die kontrak geldig en afdwingbaar blyk te wees.

4.3.2.3 Daar is spanning en ontevredenheid by sowel die inwoners as die SDDS oor die vordering en afhandeling van die projek.

Besluit: Kennis geneem.

- 4.3.3 Dat 'n volledige verslag oor die projek, van begin tot en met afhandeling by die volgende Sinode sal dien.
- 4.3.4 Die Sinode neem met groot dank en waardering kennis van die harde werk, ywer en inisiatief deur die SDDS en belanghebbendes met hierdie grootse projek, wat nog groot vrug vir die SDDS gaan lewer.
- 4.3.5 Die SDDS koöpteer kundiges saam met die Bestuur van die Administratiewe Buro om tegniese sake af te handel en advies te gee.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 Sake om oor te besluit

Die te benoeme Deputate van die SDDS die saak in samewerking met die Bestuur van die Administratiewe Buro bestuur, beheer en af te handel.

Besluit: Goedgekeur. (Kyk 4.3.5 hierbo.)

4.5 Slotwoord

'n Woord van dank word gegee aan almal wat baie harde werk, tyd en moeite in die projek ingesit het namens SDDS; ook aan die Bestuur van die Administratiewe Buro, die Direkteur van die Administratiewe Buro en sy personeel wat sonder twyfel hard gewerk het om alles wat die finansiële kant betref, in orde te kry.

Besluit: Kennis geneem.

5. Opdragte aan die te benoeme Deputate

- 5.1 Dat die finansiële beheer van alle skemas onder die beheer van die SDDS voortaan steeds sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro.
- 5.2 Dat die geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering.
- 5.3 Dat die Deputate skakel met die Residentia Stigting ten einde 'n samewerkingsooreenkoms dáár te stel en/of kundigheid te bekom.

Besluit: Goedgekeur.

6. Opdrag (Acta 2003:146, 2.2)

6.1 Sinodale Deputate vir Diakonale Sake

- 6.1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.
- 6.1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur 'n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.
- 6.1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.
- 6.1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinerende van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.
- 6.1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art 26).

6.2 Noodlydendes en noodtoestande (Acta 2003:147, 2.2.2.1)

- 6.2.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan

aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.

- 6.2.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en –toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10)
- 6.2.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.
- 6.2.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening.
- 6.2.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.
- 6.2.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.
- 6.2.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.
- 6.2.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.
- 6.2.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.
- 6.2.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.

Besluit: Goedgekeur.

J. AANVULLENDE RAPPORT

Verhouding Kerk en Staat (Acta 2003:148, 1.2)

Die Sinode word gevra om hierdie opdrag te kontinueer.

Besluit: Goedgekeur.

K. FINANSIËLE STATE

Besluit: Goedgekeur.

Kyk Addendum : Finansiële State agterin Handeling.

14. Ekumenisiteit en Owerheid

14.1 RAPPORT DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET SENTRALE, PROVINSIALE EN MUNISIPALE OWERHEDE (Artt 162, 163, 256, 257)

- A. Dr N Vorster stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Ekumenisiteit. Maatskaplike aspekte word verwys na die Kommissie Diakonale Sake.
- C. Dr PW Bingle, voorsitter van die Deputate Ekumenisiteit: Owerheid, stel dr B du Toit van die Parlementêre Lessenaar voor.
- D. Dr B du Toit lig die Sinode toe oor die Parlementêre Lessenaar.
- E. Ds RG Aucamp bedank dr Du Toit.
- F. Dr J Pretorius rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit.
- G. Oudl GC Theron stel die Minderheidsrapport van Kommissie Ekumenisiteit oor lidmaatskap by die SARK.
- H. Ds WJ Botha rapporteer namens die Kommissie Diakonale Sake.

I. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2003:230 & 246)

- 1.1 Deputate word aangewys om:
 - 1.1.1 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die nodige skakeling met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en ander instansies waarmee die Gereformeerde Kerke moet skakel, te onderhou;
 - 1.1.2 kerke van die GKSA by te staan in hulle skakeling met die owerhede op die verskillende vlakke; asook om, waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede, waaronder die moontlike betrokkenheid by 'n "parlementêre lessenaar";
 - 1.1.3 alle rolspelers – die kerk, die samelewing en die owerheid (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) – van die omvang van die *geweldsprobleem* te laat kennis neem en met mekaar in gesprek laat tree om gesamentlik te besin oor hoe die probleem van geweld die beste aangespreek kan word;
 - 1.1.4 namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op te tree ten opsigte van die kapelaansdienste en moontlike soortgelyke gevalle (word vrywillige deelydse kapelane);
 - 1.1.5 gebruik te maak van advies van en hulpdiens deur die MVI ten opsigte van immigrasie en immigrantesake;
 - 1.1.6 in samewerking met reeds bestaande instellings en organisasies (waar van toepassing) advies te gee aangaande hulpverlening tov die *armoedevraagstuk*, veral met betrekking tot projekte vir werkverskaffing – projekte wat arm mense begelei na volhoubare inkomstes; verder om 'n getuienis te laat hoor teenoor enige sisteem en skema, van wie ook al, wat mense verarm en uitbuit.
 - 1.1.7 wetgewing voortdurend te monitor en indien nodig, in die lig van die besluite van die Sinode op te tree deur moontlike en toeganklike kanale wat die regering bied, die regering bied, te gebruik. Die Deputate moet voorgestelde wetgewing bestudeer